*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/25)*

*Boitshoko Ntshabele, 02 Mei 2025*

***"When we strive to become better than we are, everything around us becomes better too." —Paulo Coelho***

## ALLES BEWEEG IN HOOGSTE RAT SOOS WAT DIE SEISOEN BEGIN

Die sitrusbedryf van Suider-Afrika sal na verwagting in die 2025-seisoen altesaam 171,1 miljoen 15 kg kartonne sitrus uitvoer. Die finale syfer van verlede jaar was 164,5 miljoen kartonne. Daar blyk tot dusver 'n gunstige begin vir die 2025-seisoen te wees. Die vroeë seisoen word meestal oorheers deur uitvoere van suurlemoene en pomelo's. Suurlemoene is in aanvraag en die suurlemoenprys lyk ook goed. Ons het ook op hierdie stadium 55% meer pomelo's as verlede jaar uitgevoer – hoewel dit nog baie vroeg in die seisoen is.

Die stewige groeitrajek waarop die bedryf was, is tot dusver gehandhaaf, maar ons verwag dat 'n paar van die ernstige bedreigings sal voortduur. Van belang vir hierdie seisoen is die tarief-onrus wat die Amerikaanse mark vir 'n deel van ons produsente kan ontwrig. Dit is noodsaaklik dat 'n handelsooreenkoms of vrystelling vir seisoenale vars produkte deur die regerings van SA en die VSA ooreengekom word voordat die uitgestelde 30%-tarief oor twee en 'n half maande in werking tree. Hoewel die VSA slegs 4% - 6% van SA se sitrusuitvoer verteenwoordig, is die Amerikaanse mark die lewensaar van Noord- en Wes-Kaapse plattelandse dorpe, soos Citrusdal.

Die syfer vir die verwagte 2025-sitrus-uitvoere vanaf SA is bereken nadat die skattings vir lááte mandaryne onlangs gefinaliseer is. Die skattings vir die láát mandaryn-variëteite toon indrukwekkende groei en word as volg afgebreek:

- Leanri - 2,1 miljoen 15 kg kartonne, effens laer as die 2,2 miljoen kartonne in 2024
- Orri - 2,1 miljoen 15 kg kartonne, stabiel vanaf 2024 se 2,1 miljoen kartonne
- Nadorcott/Tango - 25,7 miljoen kartonne van 15 kg, aansienlik meer as die 23,3 miljoen kartonne verlede jaar, as gevolg van jong bome wat in produksie kom
- Ander láát mandaryne - 3,2 miljoen 15 kg kartonne, meer as 2024 se 2,7 miljoen kartonne

Hierdie skattings kom nadat die CGA in Maart seisoenskattings vir suurlemoene, lemoene, pomelo's en vroeë mandaryne vrygestel het. Hierdie syfers verteenwoordig stabiele groei in die algemeen, met:

- Suurlemoene teen 32,9 miljoen 15 kg kartonne, 'n 5% afname vanaf 2024
- Nawel-lemoene teen 26,1 miljoen 15 kg kartonne, 'n 5% toename vanaf 2024
- Valencia-lemoene teen 52 miljoen 15 kg kartonne, 'n 6% toename vanaf 2024
- Pomelo's teen 13,5 miljoen 17 kg kartonne, ook 'n 6% toename vanaf 2024
- Satsumas (vroeë mandaryne) teen 1,8 miljoen 15 kg kartonne, geen verandering vanaf die vorige jaar
- Novas (vroeë mandaryne) teen 4,5 miljoen, 'n 2% toename vanaf 2024
- Clementines (vroeë mandaryne) teen 5,4 miljoen 15 kg kartonne, 'n toename van 10% vanaf 2024

Die belangrikste uitdagings wat ons produsente in die gesig staar, is logistieke ondoeltreffendheid by ons hawens, die Amerikaanse tarief-onsekerheid, bestaande tariewe in ander markte, en moeilike toegang tot markte soos die Europese Unie as gevolg van onnodige fitosanitêre (plantgesondheid) maatreëls. Ons is versigtig optimisties dat ons 'n suksesvolle seisoen sal hê en vordering sal maak om die uitdagings wat ons produsente in die gesig staar, die hoof te bied. Dit is ook wonderlik om die seisoen in die weeklikse nuusbrief te begin volg met die gebruiklike tabel.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 17 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/ AGRIHUB** | **2023** | **2024** | **2025** | **2024** | **2025** | **2025** | **2025** | **2024** | **2025** |
| **Pomelo's** | 4.5 m | 4.3 m | 4.2 m | 1.8 m | 2.8 m | 15.3 m | 15.3 m | 14.4 m | 16.8 m |
| **Suurlemoene** | 9.4 m | 7.3 m | 7.9 m | 5.4 m | 7.0 m | 32.9 m | 32.9 m | 34.7 m | 41.5 m |
| **Mandaryne** | 2.8 m | 3.2 m | 2.2 m | 1.3 m | 1.7 m | 44.9 m | 44.9 m | 41.6 m | 43.9 m |
| **Nawels** | 0.2 m | 0.2 m | - | - | - | 26.1 m | 26.1 m | 25.1 m | 21.7 m |
| **Valencias** | - | - | - | - | - | 52.0 m | 52.0 m | 48.8 m | 58.0 m |
| **Totaal** | **16.9 m** | **15.0 m** | **14.3 m** | **8.5 m** | **11.5 m** | **171.1m** | **171.1m** | **164.6 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***